

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 16

Toe stuur Agas ’n boodskap na koning Tiglat-Pileser van Assirië: “Ek is u onderdaan en seun. Ruk op en bevry my uit die mag van die koning van Aram en van die koning van Israel, hulle val my aan.” (vers 7)

So vroom soos koning Jotam was, so goddeloos was Agas. Hy het afgodsdiens aktief bevorder en selfs sy eie seun aan die afgod Milkom geoffer (vers 3). Onder elke groen boom het hy die vrugbaarheidsgode van Kanaän gedien (vers 4).
'n Mens wonder wat hy anders kon doen om die Israel-Aramese bedreiging die hoof te bied. Hom bekeer het tot die lewende God? Hy doen egter nie dit nie, maar roep die hulp in van Tiglat-Pileser van Assirië. Dit het wel gehelp om die bedreiging te beëindig, maar die prys was hoog. Baie geld, en boonop moes hy die gode van Tiglat-Pileser akkommodeer. Die brons-altaar moes plek maak vir 'n Assiriese altaar, en talle van die brons voorwerpe by die tempel het in die slag gebly (vers 17), waarskynlik om die jaarlikse heffing aan Assirië mee te betaal.
Jesus het in Luk 9:25 gesê: "En hoe sal jy daarby baat as jy die hele wêreld wen, maar jou eie siel in die proses verloor?"

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026